

12 April

Skrifgedeelte: Spreuke 1:7; 4:23; 15:13-16 (OAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 15:13

Wees altyd bly in die Here!

Mens het nie teologiese insig nodig om te weet dat: “’n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig.” Dit gaan egter nie bloot om die algemene waarheid nie. Wat belangrik is, is om te weet wat die hart vrolik maak.

Om die antwoord te kan raaksien, is ’n meer direkte vertaling nodig. “Hart” is ’n sleutelwoord in Spreuke. In die volgende vers is die hart weer ter sprake. Daar word gestel dat “die hart van die verstandige soek na kennis”. “Kennis” is nog ’n sleutelwoord. Spreuke 1:7 stel: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis.” En die sleutelwoorde “vrees van die HERE” bring ons terug by nog ’n spreuk in die nabyheid van ons teksvers, naamlik vers 16: “Liewer ’n bietjie in die vrees van die HERE, as ’n groot skat en onrus daarby.” Die “vrees van die Here” beteken eerbied en respek vir God wat met gehoorsaamheid gepaardgaan.

Die mens is gedurig op soek na maniere om die lewe op te vrolik. Hulle soek dit in die doen van sonde, in die najaag van geld of prestasie, in die saamwees van mense, ensovoorts. Die Bybel se antwoord is dat ware blydschap uit ’n lewende verhouding met God voortspruit. Die mens het alle vreugde met die sondeval verloor, en dit is alleen die mens wie se verhouding met God herstel is deur die verlossingswerk van ons Here Jesus Christus, wat ware blydschap kan ervaar. Alle ander vreugde is oppervlakkig en kortstondig.

Ons kry dieselfde boodskap in die Nuwe Testament. Filippense 4:4 stel: “Wees altyd bly in die Here!” En Galasiërs 5: 22 lys blydschap as deel van vrug van die Gees.

Wees bly in die Here, en jou gesig sal straal!

Sing: Psalm 4-1:4

Ds. HB Hatting (Warmbad)